higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste Vraestel)

**NKR VLAK 4**

(4101064)

**8 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

.

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 180**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: LEES EN KYK | [50] |
| AFDELING B: OPSOMMING | [20] |
| AFDELING C: KYK | [30] |
| AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK | [40] |
| AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN DIE PRAKTYK | [40] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

6. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur kladwerk. As jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEES EN KYK

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

### HY WOEKER IN WATER

**deur Elmarine Anthony**

**Dokters het vir hom 'n aaklige lewe voorspel, maar hy het alle verwagtinge oortref en nou is hy op pad Mexiko toe!**

1. Al is hy al 16 jaar oud vergeet sy ouers soms hy is gestremd, want David McKlopper het nog nooit toegelaat dat dit hom onderkry nie. Inteendeel. David is met verkorte arms en sonder hande gebore. Sy bene is ook verkort en die een been is langer as die ander een. Dit beteken wel dat hy nie kan loop nie, maar David is 'n swemkampioen! Hy het immers al 14 medaljes in skole-, provinsiale en nasionale swem-items verower! Hy het tot nou slegs teen nie-gestremdes in kompetisies deelgeneem. Hy het sy eerste medalje in 2015 op 14 gewen, slegs 'n jaar nadat hy aan amateur-kompetisies begin deelneem het en 2 jaar nadat hy begin swem het.

2. Hy sê hy het leer swem omdat hy 'baie vet' was en wou gewig verloor. Sy afrigter Tadhg Slattery, self doofstom, verduidelik tydens ‘n e-posonderhoud dat hy David se potensiaal raakgesien het en hom gevra het om by sy span aan te sluit. Tadhg het gesê David was eers baie senuweeagtig. 'Toe hy eers in die water was, het ek hom geleer hoe om te dryf in die water. Vanaf daardie dag was hy 'n briljante swemmer.'

3. Oor sy 14 medaljes is hy ewe nederig. Hy swem elke dag 2,5 km en laat die rekords spat! Hy het vroeër vanjaar, twee maande uitmekaar, die SA- en Afrika-rekord vir die 50 meter vlinderslag gebreek. 'Dit was asof ek 'n berg uitgeklim het.'

4. Hy mik om aan die 2020 Paralimpiese Spele in Japan deel te neem. Hierdie sal die eerste keer wees dat hy teen gestremde atlete gaan deelneem.

5. Dis egter nie net swem waarin David goed presteer nie. Hy het al trofeë gewen vir krieket, waartydens hy met sy voete geboul het, asook vir akademie.

6. Daar is baie dinge wat David nie kan doen nie. Dis dinge wat ons elke dag as vanselfsprekend aanvaar, soos om sy tande te borsel en homself aan te trek. Hy speel ook graag playstation en was sy rolstoel. Sy pa, Julius, sit hom op sy outomatiese rolstoel en haal hom af en sy ma, Sarunesa en suster, Junice, versorg hom ook wanneer hy by die huis is. Gedurende die week is hy in die koshuis by die Hope School in Randburg waar versorgers na hom kyk. Hy sê: 'Ek dra nie baie probleme op my kop nie.'

| | |
|---|---|
| 7. | Dokters wou hom nie 'n kans op lewe gee nie. Toe sy ma vyf maande swanger was, het dokters op 'n sonar gesien hy het nie hande nie en kon net een van sy voete sien. Die dokter het gesê die McKloppers moet huis toe gaan en daaroor dink of hulle die swangerskap wil beëindig. 'En daar lewe hy nog vandag, 16 jaar later!' vertel sy pa. |
| 8. | David is soos 'n normale kind grootgemaak. Dis juis oor die manier waarop hy behandel is dat David aan die begin nie agtergekom het dat hy 'anders' is nie. 'Almal het my soos 'n normale kind ge-treat en ek het saam met my neefs gespeel. Dit was eers toe ek op vyf jaar na 'n spesiale skool geneem is dat ek kon sien dat ek is nie normaal is nie, maar daar is ander soos ek.' |
| 9. | Hy is die lig van sy ouers en suster se lewens. Hy doen motiveringspraatjies by skole en kerke en was op verskeie televisieprogramme. Ná een van die programme het 'n man wat selfmoord oorweeg het, vir Julius ‘n Facebook-boodskap gestuur en gesê David het hom 'n nuwe uitkyk op die lewe gegee: 'Ek het nie gedink mense gaan opkyk na my nie, al is ek so klein,' sê hy. |
| 10. | 'Soos sy lewe unfold, kan ons sien hy raak baie ander mense se lewens,’ vertel sy pa verder. |
| 11. | David laat jou dankbaar voel vir alles wat jy het en laat jou besef dat jy ál jou seëninge moet tel en nie nodig het om hom te bejammer nie. |

[Verwerk uit: *Kuier*, 13 Desember 2017]

**VRAE:**

1.1 Lees weer die titel. ‘Om te woeker’ kan beteken om die beste uit iets te haal.

1.1.1 Verduidelik waarom jy dink die titel is gepas. (1)

1.1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

David woeker en ... om sukses te behaal.

A wen
B swem
C werskaf
D droom (1)

1.2 'n Aanname beteken om iets as vanselfsprekends te aanvaar sonder om enige bewys daarvoor te hê.

Verduidelik watter aanname in paragraaf 1 verkeerd bewys word. (1)

1.3 Lees weer die subtitel.

1.3.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Die pleknaam dui aan dat David (plaaslik/internasionaal) gaan deelneem.

1.3.2 Verbeter die pleknaam in die onderskrif se spelling na korrekte Afrikaans.

(2 × 1) (2)

1.4 Volgens David het hy begin swem omdat hy 'baie vet' was.

1.4.1 Bespreek die gebruik van die leestekens in hierdie stelling. (2)

1.4.2 Hoe oud was David toe hy begin swem het? (1)

1.5 David was 14 jaar oud toe hy sy eerste medalje gewen het.

1.5.1 Buiten al die medaljes wat David gewen het, noem nog EEN rede waarom David se prestasies merkwaardig is. (1)

1.5.2 Verduidelik wat die verskil tussen amateur- en professionele kompetisies is. (2)

1.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.2) in die ANTWOORDBOEK neer en MOTIVEER jou antwoord deur ‘n sinsdeel uit die leesstuk aan te haal.

1.6.1 'n Persoonlike onderhoud is met David se afrigter gevoer.

1.6.2 David het altyd iemand nodig om sy rolstoel te stoot.

(2 × 2) (4)

1.7 Verduidelik waarom 'n mens sou verwag dat David se afrigter baie empatie met David behoort te hê. (1)

1.8 Haal EEN voorbeeld van beeldspraak in paragraaf 3 aan om te illustreer dat David die onmoontlike reggekry het. (1)

1.9 'Ek dra nie baie probleme op my kop nie.' (paragraaf 6)

1.9.1 Word hierdie uitdrukking LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik?

1.9.2 Verduidelik wat David met hierdie uitdrukking bedoel.

(2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.10 Haal 'n sinoniem vir 'uitstekende' uit die artikel aan. (1)

1.11 Noem TWEE dinge wat David met sy voete doen. (2)

1.12 Die dokter was nie ten gunste daarvan dat die swangerskap moes voortgaan nie.

Haal EEN woord uit die artikel aan om hierdie stelling te bewys. (1)

1.13 Dit is juis die manier waarop David grootgemaak is dat hy nie agtergekom het dat hy 'anders' is nie.

1.13.1 Wanneer het David vir die eerste keer besef dat hy 'anders' is?

1.13.2 Tot watter insig het hy gekom ten opsigte van sy gebrek?

1.13.3 Waar het David skoolgegaan? (Paragraaf 6)

1.13.4 Waarom was David in die koshuis?

(4 × 1) (4)

1.14 David gee motiveringspraatjies by skole en kerke en was al op verskeie televisieprogramme. (Paragraaf 9)

1.14.1 Dink jy daar is enige waarde in sulke optredes vir die algemene publiek?

1.14.2 Bewys jou antwoord in VRAAG 1.14.1 deur na 'n voorbeeld in die artikel te verwys.

(2 × 1) (2)

1.15 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

Iemand wat doofstom is, kan nie...

A hoor of sien nie.
B hoor of praat nie.
C sien of praat nie.
D hoor of proe nie. (1)

1.16 'Ek het nie gedink mense gaan opkyk na my nie, al is ek so klein,' sê David.

Bespreek die teenstrydigheid in hierdie stelling. (3)

1.17 Die skrywer maak gebruik van Engelse woorde in die artikel omdat dit is hoe David en sy mense praat.

1.17.1 Haal EEN voorbeeld uit paragraaf 10 aan.

1.17.2 Vertaal die woord in goeie Afrikaans.

(2 × 1) (2)
**[35]**

**VRAAG 2: BRIEF AAN DIE PERS**

Lees die onderstaande brief aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Palmstraat 17
HIBERDENE
5630
1 November 2018

Die Redakteur
Beeld
Posbus 100
JOHANNESBURG
0100

Geagte Meneer

iPHONES KAN TOT GESONDHEIDSKRISIS ONDER KINDERS LEI

Ek lees dat die oormatige gebruik van iPhones deur minderjariges tot 'n volskaalse gesondheidskrisis kan lei – nie net tot nadeel van kinders nie, maar ook tot nadeel van Apple, die maatskappy wat iPhones vervaardig.

Twee van Apple se grootste aandeelhouers, Jana Partners en die pensioenfonds van Kaliforniese onderwysers, saam sowat $2 miljard sterk, smeek dat Apple maniere moet skep waardeur ouers hul kinders se toegang tot selfone kan inperk. Daar is toenemende bewyse dat die gereelde gebruik van selfone tot onbedoelde negatiewe gedrag kan lei. Apple word ook versoek om 'n ondersoek te begin na die effek wat selfoonverbruik op jong mense se geestesgesondheid het.

Wat my egter die meeste ontstel het, was dat Apple gekies het om nie op hierdie versoek te reageer nie.

Is dit nie hoog tyd dat Jan en San Publiek maatskappye soos Apple moet boikot totdat daadwerklike stappe gedoen word om ons kinders se welstand te verseker nie?

Die uwe
*K Verwey*
Kotie Verwey

[Verwerk uit: *Beeld*, 9 Januarie 2018]

**VRAE**

2.1 Hoekom het Kotie Verwey die brief geskryf? (2)

2.2 Een van die redes waarom aandeelhouers bekommerd is oor die gebruik van iPhones deur kinders, is die moontlikheid van 'onbedoelde negatiewe gedrag'.

Verduidelik wat met die stelling 'onbedoelde negatiewe gedrag' bedoel word. (1)

2.3 Noem nog EEN moontlike nadeel van iPhones vir jong gebruikers. (1)

2.4 Aandeelhouers pleit dat Apple hul saak sal ondersteun tot voordeel van jong iPhone-gebruikers.

2.4.1 Verduidelik wat dit beteken om 'n aandeelhouer van 'n maatskappy soos Apple te wees.

2.4.2 Haal 'n sinsnede uit die brief aan wat bewys dat die betrokke aandeelhouers baie geld het.

(2 × 1) (2)

2.5 Die oorspronklike klagtes word deur oorsese aandeelhouers geopper.

2.5.1 Dink jy Suid-Afrikaanse kinders word aan dieselfde gevare blootgestel?

2.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2 × 1) (2)

2.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.6) in die ANTWOORDBOEK neer. STAAF jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal.

Apple deel die kommer oor die klagte. (2)

2.7 Haal 'n sinoniem vir die woord 'kinders' uit die brief aan. (1)

2.8 Na wie verwys Jan en San Publiek? (1)

2.9 Verduidelik wat elk van die volgende beteken:

2.9.1 Boikot

2.9.2 Daadwerklike stappe

(2 × 1) (2)

2.10 Met watter woorde sou Kotie afgesluit het indien hierdie brief 'n informele brief was? (1)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: PRÉCIS

## VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL OM OP TE SOM

- Verduidelik WATTER FAKTORE JOU KAN VERHINDER om jou doelwitte te bereik.
- Skryf elke hoofgedagte in EIE VOLSINNE neer.
- Skryf jou sinne in PARAGRAAFFORMAAT neer.
- Jou précis mag nie langer as 60-70 woorde wees nie.
- Verduidelik so ver moontlik in jou eie woorde.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die précis aan.

**WAT HOU JOU TERUG?**

Sommige mense het 'n gebrek aan visie en weet nie wat om met hul lewe te maak nie. Hulle voel vaagweg ongelukkig, maar het geen doelwit in die lewe nie. Is jy ook een van hulle? Neem die lewe sy loop en belemmer die ontwikkeling van jou talente jou om jou doelwitte te bereik? Jy sukkel dalk om kop bo water te hou en bestee al jou tyd aan onnodige sake en werk. Dalk is jy bang om 'n gek van jouself te maak, omdat jy te bang is om te waag of omdat jy te veel omgee wat ander mense van jou dink. Jy dink dalk dat jy nie goed genoeg is nie. Jy kan in 'n gemaksone vasgevang wees. Kreatiwiteit kan onderdruk word deurdat ons by ander mense se planne vir ons inval. Ouers dwing soms hul kinders in 'n sekere rigting of probeer om hul verlore drome deur hul kinders uit te leef. Mense met te min selfvertroue voel dikwels dat hulle nie 'n verandering kan maak nie. Hulle is letterlik te bang om 'n verandering te maak as gevolg van 'n gebrek aan selfvertroue. Negatiewe denke vorm dikwels 'n patroon wat mense weerhou om te waag. Hierdie mense verwag altyd die ergste en doen dit moontlik om hulself te beskerm. Mense wag vir dinge om te gebeur. Terwyl so 'n persoon wag dat sy skip inkom, is iemand anders dalk besig om vir homself 'n skip te bou. As jy aan iets werk, sal jy resultate sien.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 19 Januarie 2018] **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: KYK**

**VISUELE TEKSTE**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Bestudeer die onderstaande spotprent aandagtig en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Beeld*, 12 Januarie 2018]

**VRAE**

4.1 Raadpleeg RAAMPIE 1. Dink jy die ma is direk betrokke by die gesprek wat in die spotprent plaasvind? Staaf jou antwoord. (2)

4.2 Verduidelik die progressie van die ma se betrokkenheid in die strokiesprent. (1)

4.3 Waarop dui die woorde van die ma in RAAMPIE 3? (1)

4.4 Wat is die seun se bynaam? (1)

4.5 Die pa sê dat hy anders wou reageer as wat die seun gedink het.

Voltooi die pa se sin in RAAMPIE 2 soos jy dink dit moet wees. (2)

4.6 Benoem die vraagtipe in RAAMPIE 1. (1)

4.7 Vergelyk die lyftaal van die pa in RAAMPIE 2 en 3. (2)
**[10]**

**VRAAG 5: ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die vrae.

***DIE KONTREISPENS***
***Malmesbury se bekende restaurant en tuisbedryf***

***Koeke, beskuit, hoenderpasteie en Cremoraterte te kies en te keur!***

***Veerligte melkterte van Ouma Melktert, Naomi Basson***

Min mense kan sê dat hulle in 25 jaar 11 kilometer se melkterte vir een tuisbedryf gebak het. Dis altesaam 50 000 melkterte!

Kontreispens het sy deure geopen op 9 April 1987. Daar is beskuit, skurwejantjies, sjokoladekoeke en natuurlik melkterte verkoop. Die eerste melkterte is vir R4 elk verkoop. Deesdae kos een melktert R35.

Naomi het eers elke naweek 3 melkterte gebak, toe word dit 6 en later 9! In die tweede maand het sy 148 melkterte gebak en later tot 300 elke maand.

Net die beste bestanddele word gebruik vir alle gebak: Naomi is 'n voorstander van Sasko-meel, aangesien Sasko meel van goeie gehalte is en werk verskaf aan Malmesbury se mense.

Naomi se geheim vir 'n perfekte melktert is 'n baie warm oond.

Indien jy op die N7 by Malmesbury verby ry, maak van Kontreispens 'n spesiale ompad om melktert en koffie te geniet!

Andries Eygelaar van die Strand sê: 'My kuiers op Malmesbury is nog altyd 'n hoogtepunt omdat die melktert so vorentoe smaak!'

Naomi gee raad aan jong baksters daarbuite wat in die meelspore van haar sukses wil volg: 'Moenie net bak om iets in die huis te hê nie. Mens bak nie sommer net nie. Stel vir jouself 'n doelwit en bak daarvoor.'

[Verwerk uit TAALGENOOT WINTER 2012]

5.1 Naomi Basson het die bynaam van 'Ouma Melktert' gekry.

Verduidelik waarom hierdie bynaam gepas is. (1)

5.2 Naomi het 11 kilometer se melkterte in 25 jaar vir die tuisbedryf gebak.

Word hierdie sin LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? Verduidelik jou antwoord. (2)

5.3 Die Kontreispens bestaan al meer as twee dekades.

Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? Haal aan uit die advertensie om jou antwoord te staaf. (2)

5.4 Haal EEN woord uit die advertensie aan wat 'n sinoniem is vir 'aanhanger'. (1)

5.5 Noem TWEE sintuie wat gebruik word wanneer jy melktert en koffie geniet. (2)

5.6 Verduidelik die uitdrukking 'omdat die melktert so vorentoe smaak' in jou eie woorde. (1)

5.7 Noem nog EEN produk, buiten melktert, wat by Die Kontreispens gekoop kan word. (1)

5.8 Die melktert se prys het buitensporig gestyg vanaf R4 in 1987 tot R35 vandag.

5.8.1 Stem jy saam met die stelling? Staaf jou antwoord. (2)

5.8.2 Gee 'n moontlike verklaring waarom die prys so gestyg het. (1)

5.9 Dui aan of die volgende stellings FEIT of OPINIE is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Feit' of 'Opinie' langs die vraagnommer (5.9) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord.

Enige persoon kan suksesvol vir 'n tuisbedryf bak. (2)

5.10 Haal EEN woord uit die advertensie aan om te bewys dat kliënte spesiaal moet afdraai om die Kontreispens te besoek. (1)

5.11 In die slotparagraaf lees ons dat Naomi raad het vir 'jong baksters daarbuite wat in die meelspore van haar sukses wil volg'.

5.11.1 Benoem die beeldspraak wat hier gebruik word.

5.11.2 Verduidelik die beeld in jou eie woorde.

(2 × 1) (2)

5.12 Evalueer hierdie advertensie krities.

5.12.1 Noem EEN element wat jy sou wou byvoeg om die inhoud van die advertensie te versterk.

5.12.2 Noem EEN element wat jy sou wou verander om die visuele voorkoms van die advertensie te versterk .

(2 × 1) (2)

**20]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK**

**VRAAG 6: ARTIKEL**

- Bestudeer die onderstaande artikel aandagtig.
- Voltooi die teks met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld:

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 6.0 | (in die dag) | A Gee EEN woord |

**Antwoord:** 6.0 bedags

**'N BARISTA WAT BEGEESTER**

Joseph Matheatau is vandag Suid-Afrika se eerste blinde barista en elke koppie koffie uit sy hand is 'n stomende koppie liefde.

| KOLOM A | | KOLOM B | PUNT |
|---|---|---|---|
| Koffie het Joseph Matheatau se wêreld (6.1 handomkeer) verander. | 6.1 | Gee 'n sinoniem van die woord. | (1) |
| Joseph, 38 jaar oud, is gebore (6.2 doer) in 'n klein informele | 6.2 | Gee 'n eietydse woord. | (1) |
| (6.3 nedersetting) in landelike Thaba 'Nchu. | 6.3 | Gee die verkleinwoord. | (1) |
| Joseph was 'n (6.4 drie jaar oud) toe hy | 6.4 | Gee EEN woord. | (1) |
| agterkom hy sien nie (6.5 soos ander kinders nie.) | 6.5 | Benoem die beeldspraak. | (1) |
| Hy was heeltemal blind in sy (6.6 regs + oog.) Een aand het hy gedroom dat hy glad | 6.6 | Gee 'n samestelling. | (1) |
| nie kan sien nie. 'n Paar dae later het (6.7 dié droom) stadig 'n realiteit begin word. | 6.7 | Verklaar die gebruik van die aksentteken. | (1) |
| 'My linkeroog was (6.8 wolkerig), maar ek was vasbeslote om skool toe te gaan. | 6.8 | Gee 'n antoniem. | (1) |
| (6.9 Toe ek en my sussie uitstap, loop ek in die hek vas.) | 6.9 | Skryf in die verlede tyd. | (2) |
| My ma het my (6.10 teruggeroep/terug geroep). | 6.10 | Kies die korrekte spelling. | (1) |
| (6.11 Ek was in trane.)' | 6.11 | Herskryf sonder om die betekenis te verander. | (1) |
| Van toe af moes Joseph elke winter (6.12 tuisbly) as die kinders skool toe is, want hy kon nie sien nie. | 6.12 | Kies die woord wat die toepaslike gesegde korrek sal voltooi:<br>Joseph het elke winter met Jan Tuisbly se ... gery.<br>A karretjie<br>B perdjie<br>C fietsie<br>D donkie | (1) |
| Die lig dié tyd van die jaar was te swak, en die skooltjie se (6.13 van modder gebou), het | 6.13 | Herskryf as een woord. | (1) |
| nie (6.14 elektrisiteit) ligte gehad nie. | 6.14 | Gee die korrekte vorm van die woord. | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hy kon niks sien nie. (6.15 Hy kon nie op die bord sien nie. Hy kon nie in sy boeke sien nie.) | 6.15 | Skryf die TWEE sinne as een sin neer en gebruik die voegwoord **nóg**. | (2) |
| (6.16 Ek is baie kere by die skool deur die onderwyser geslaan), want ek kon (6.17 altyd) my werk klaarkry nie. | 6.16<br>6.17 | Skryf in die bedrywende vorm.<br>Gee 'n antoniem. | (2)<br>(1) |
| 'Ek het (6.18 elke jaar) teruggegaan skool toe. Ek wou met alles binne my iets met my lewe doen, en ek het geweet die enigste manier om iets te word, is om 'n (6.19 goed) opvoeding (6.20 te het.) | 6.18<br>6.19<br>6.20 | Gee EEN woord.<br>Gee die korrekte verbuiging.<br>Gee die korrekte vorm van die infinitief. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Toe hy in 2010 sy (6.21 om te kan sien) heeltemal verloor, moes hy 'n manier soek om opleiding te kry. | 6.21 | Gee 'n selfstandige naamwoord. | (1) |
| Sy suster het van Kaleidoscope gehoor, (6.22 'n kollege vir met gestremdhede mense.) | 6.22 | Skryf in die korrekte woordorde. | (2) |
| Kort ná Joseph se aankoms by (6.23 Kaleidoscope) het die goue geleentheid | 6.23 | Skryf in korrekte Afrikaans. | (1) |
| (6.24 hom) voorgedoen. | 6.24 | Identifiseer die korrekte stylfiguur:<br>A personifikasie<br>B vergelyking<br>C metafoor<br>D klanknabootsing. | (1) |
| Joseph het aansoek gedoen om 'n barista te word, want dit is iets waarvoor hy mos (6.25 van kleins af/van kleintyds af) 'n spesiale liefde het. | 6.25 | Kies die korrekte uitdrukking. | (1) |
| (6.26 'Toe ek hoor dat hulle my kies, het trane oor my wange gestroom', het Joseph gesê.) | 6.26 | Skryf in die indirekte rede. | (3) |
| (6.27 Joseph se opleiding was ongelooflik.) | 6.27 | Skryf in die negatiewe vorm. | (2) |
| Dit was ook 'n bietjie van 'n (6.28 nagmerrie), want hy was bang om te brand. | 6.28 | Kies die korrekte woord tussen hakies:<br>Die woord 'nagmerrie' dui op 'n uiters (negatiewe/positiewe) ervaring. | (1) |
| Hy moes leer hoe om die koffie (koppies en pierings 6.29) reg te hanteer | 6.29 | Skryf die versamelnaam neer. | (1) |
| Elke koppie moet perfek wees, want (6.30 jy proe dit met jou hart.) | 6.30 | Kies die korrekte verklaring tussen hakies:<br>Hierdie uitdrukking word (letterlik/figuurlik) gebruik. | (1) |
| Dit moet goed (6.31 met balans) en volrond wees. | 6.31 | Gee die korrekte werkwoord. | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dié (6.32 barista) meen as hy iewers iemand kan inspireer om nie moed op te gee wanneer dinge moeilik raak nie, sal dit die room op die Cappuccino, oftewel die (6.33 ... op die koek) wees! | 6.32 | Verklaar die betekenis van die woord. | (1) |
| | 6.33 | Voltooi die uitdrukking deur die korrekte woord te kies:<br>A karamel<br>B versiersel<br>C kersie<br>D room | (1) |

[Verwerk uit *Rapport,* 9 Julie 2017] **[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

### VRAAG 7: MEDIA

7.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

> Die konsep van privaatheid is met die koms van sosiale media op sy kop gekeer. Danksy slimfone en sosiale media kan miljarde mense wêreldwyd met mekaar kommunikeer op 'n skaal wat voorheen ondenkbaar was. Die veiligste is om dié platforms te gebruik asof die hele wêreld jou plasings kan sien.

[Verwerk uit *Vrouekeur*, 14 Oktober 2016]

7.1.1 Die skrywer waarsku dat 'n mens se privaatheid nie gewaarborg is in die sosiale media nie.

Wat stel sy voor moet 'n mens onthou voordat jy iets op sosiale media plaas? (1)

7.1.2 Noem EEN voordeel wat sosiale media, volgens die skrywer het. (1)

7.2 Mense regoor die wêreld gebruik verskillende soorte media.

7.2.1 Noem enige DRIE soorte media. (3)

7.2.2 Watter soort media is volgens jou die gewildste? Verduidelik jou antwoord. (2)

7.3 Noem enige VIER doelwitte van media. (4)

7.4 Tegnologie speel 'n belangrike rol in die media.

Verduidelik hierdie stelling. (2)

7.5 Gebruikers van sosiale media kan hul persoonlike inligting beskerm.

Noem TWEE maniere waarop persoonlike inligting beskerm kan word. (2)

7.6 Definieer elk van die volgende webwerwe:

7.6.1 Inligtingswebwerwe

7.6.2 E-handelswebwerwe

7.6.3 Soekwebwerwe

7.6.4 Sosiale netwerkwerwe

7.6.5 Vermaaklikheidswebwerwe

(5 × 1) (5)
**[20]**

**VRAAG 8: MANIPULERENDE KOMMUNIKASIEMEDIA**

8.1 Daar bestaan verskeie soorte manipulerende mediakommunikasie.

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.1.1 Vooroordeel | A professionele feitelike en saaklike beriggewing |
| 8.1.2 Logos | B taal wat gemik is om onregverdige voordeel te bewerkstellig |
| 8.1.3 Etos | C onprofessionel beriggewing wat gegrond is op die gevoel en opinie van die skrywer |
| 8.1.4 Objektiewe taal | D logiese argument word deur bewyse versterk |
| 8.1.5 Manupilerende taal | E een gesigspunt word onregverdig ondersteun |
| 81.6 Subjektiewe taal | F oortuiging danksy ‘n sedelike en eerlike sender |

(6 × 1) (6)

8.2 Stereotipes behels positiewe én negatiewe veralgemening.

Gee TWEE redes waarom stereotipes in die media probleme kan veroorsaak. (2)

8.3 Plasing van belangrike en minder belangrike nuusberigte is een van die tegnieke wat vir selektiewe beriggewing gebruik kan word.

8.3.1 Verduidelik hierdie stelling.

8.3.2 Noem TWEE ander tegnieke van selektiewe beriggewing.
(2 × 2) (4)

8.4 Propaganda manipuleer en oorreed.

Ontwerp 'n breinkaart waarop jy VIER tegnieke van propaganda aandui. (4)

8.5 Die media beïnvloed ons maniere van ontspan.

8.5.1 Verduidelik hoe die media ons maniere van ontspan negatief kan beïnvloed.

8.5.2 Watter vorm van ontspanning verkies jy? Verduidelik jou antwoord.
(2 × 2) (4)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou